TAJIKISTAN (no 27 op WWL)

Bevolking: 11miljoen; **Godsdiens:** Moslem 98,7%, Evangelies 0,4%
Onbereik: 99% van totale bevolking

HET U GEWEET? Die land se sekulêre, diktatoriale regering hou streng beheer oor alle godsdienstige bedrywighede. Christene, veral Protestantse groepe, word as gevaarlike aanhangers van "afwykende" sektes beskou. Sedert 2015 het die druk op "ongemagtigde" godsdienstige byeenkomste (Baptiste, Evangeliese en Pinkstergroepe) toegeneem. Dit het gelei tot meer klopjagte, ondervragings, boetes en die beslaglegging op Christelike materiaal. Persone jonger as 18 jaar word verbied om aan godsdiens aktiwiteite deel te neem. Onlangse wetswysigings is daarop gemik om die "onder-grondse" godsdiensonderrig van kinders strafbaar te maak. Ongeveer 50% van die Christelike gemeenskap is jongmense. Die Russies-Ortodokse Kerk geniet groter godsdiensvryheid. Daar is ongeveer 3 000 bekeerlinge tot die Christendom. Hulle is besonder kwesbaar vir vergelding deur hul families, gemeenskappe en die owerhede omdat hulle na bewering hul etniese en nasionale identiteit "verraai" het. Weens die gevare hou baie bekeerlinge hul geloof geheim.



Taken from Worldometers.info

Bid asseblief:

- Dat God Christene beskerm en aan kerkleiers besondere genade gee terwyl die regering die geloofsgemeenskappe monitor.
- Vir die Afghaanse vlugtelinge, insluitend Christene, wat in Tajikistan woon, Jesus ontmoet terwyl die owerhede begin om hulle te deporteer.
- Vir die werkers wat Sy Woord verkondig en dissipelskap opleiding aanbied, sodat die Evangelie verder kan versprei.

"My geregtigheid is naby, my redding is op pad, en my arms sal aan die nasies reg laat geskied." Jesaja 51:5

SAAWE
Ena 083 6600 885

UZBEKISTAN (no 25 op WWL)

Bevolking: 37,6 miljoen; **Godsdiens:** Moslem 83%, Ateïste 14%, Christen 2,4%,
Onbereik: 96,5% van totale bevolking

HET U GEWEET? Ten spyte daarvan dat die land 'n sekulêre staat is, is dit vir die klein groepie Christene in die land uiters uitdagend om hul geloof uit te leef en met ander te deel. Omslagtige en feitlik onuitvoerbare beperkings plaas kerke onder groot druk. Dit sluit 'n onlangs ingestelde vereiste in dat kerke 'n minimum aantal lidmate moet hê – 'n getal wat vir klein gemeentes onmoontlik is om te bereik. Kerke wat nie aan die regering se voorskrifte voldoen nie, byvoorbeeld deur sogenaamde "ongemagtigde" materiaal in hul besit te hê, loop die gevaar van klopjagte, arrestasies, dreigemente en swaar boetes.
Mense wat vanuit Islam tot die Christendom bekeer, ervaar sterk teenstand van hul families en gemeenskappe. Dit is veral die geval in landelike gebiede, waar Islamitiese en stamidentiteit sterk gevestig is. Dus voel gelowiges verplig om hulle geloof geheim te hou. Die Russies-Ortodokse kerke ondervind selde probleme, aangesien hulle beperkte kontak met die plaaslike Oesbek bevolking het.



Taken from rldometers.info

Bid asseblief:

- Bid dat kerke en kerkleiers, wat dikwels deur die owerhede onder toesig gehou word, ander sal kan lei sonder om geteister of beboet te word.
- Vra dat God gelowiges beskerm wat deur owerhede geteiken word. Bid dat klopjagte op nie-geregistreerde kerke gestop word.
- Bid dat bekeerlinge uit die Islam, wat deur hul families, gemeenskappe en die regering onder druk geplaas word om hul geloof te verloën, God se genade en hoop sal ontvang om standvastig in hul geloof te bly.
- Bid dat God se Woord bo alle Islamitiese tradisies gekoester sal word.

"die verlossing wat Ek bewerk, sal vir altyd wees…" Jes. 51:6

SAAWE
Ena 083 6600 885

KIRGISTAN (no 40 op WWL)

Bevolking : 7,4 miljoen; **Godsdiens :** Moslem 95%, Ateïste 6%, Christen 2,5%
Onbereik : 29% van totale bevolking

HET U GEWEET? Christene ervaar steeds sterk teenkanting van hulle families en gemeenskappe, terwyl vyandigheid van die owerhede toegeneem het met die instelling van strenger beheermaatreëls oor godsdiens.
Die gevolge vir diegene wat moedig Islam verlaat het om Jesus te volg, kan baie ernstig wees. Dit kan huisarres en fisiese geweld insluit, en die kinders van bekeerlinge kan by die skool geboelie word. Imams word soms ingespan om teen bekeerlinge te preek, wat daartoe kan lei dat hulle uit die gemeenskap verstoot word. In sommige dele van die land kan die invloed van die plaaslike Moslem-gemeenskap beteken dat kwesbare Christene nie op die plaaslike owerhede kan staatmaak om hulle te beskerm en reg te laat geskied nie.
Nuwe godsdienswette het die vryheid van plaaslike kerke om hulle geloof uit te leef en uit te druk, aan bande gelê. Dit sluit onhaalbare vereistes in vir die blote registrasie van 'n kerk. Protestantse groepe – wat as "ekstremisties" bestempel kan word – word veral hierdeur geraak. Russies-Ortodokse kerke word grootliks met rus gelaat vanweë hulle meer afgesonderde aard.



Taken from Worldometers.info

Bid asseblief:

- Dat gelowiges moed en wysheid sal hê terwyl hulle deur 'n nuwe reeks godsdienswette, veral gemik teen Christene, hulle weg moet vind,
- Dat God diegene wat hulle van Islam tot die Christelike geloof bekeer, sal beskerm en bemoedig. Sommige bekeerlinge ervaar ernstige vervolging.
- Dat God die huiskerke sal beskerm, aangesien veiligheidsmagte soms daarin infiltreer. Bid dat hierdie gemeentes op Hom gefokus bly.

"Ek laat die redding naderkom, dit is nie meer ver nie,
die verlossing wat Ek bring, sal nie lank uitbly nie.." Jes 46:13

SAAWE
Ena 083 6600 885

TURKMENISTAN (no 35 op WWL)

Bevolking : 7,7 miljoen **Godsdiens** : Moslem 96%, Ateïste 1,7%, Christen 1,8%
Onbereik : 97,6% van totale bevolking

HET U GEWEET? In die totalitêre klimaat is die lewe vir Christene uiters beperkend en onderdrukkend. Alle burgers word fyn dopgehou. Diegene wat daarvan verdink word dat hulle aan kerke behoort, word aan strenger toesig onderwerp. Mense wat by Protestantse groepe betrokke is, word dikwels as "ekstremiste" bestempel.
Daar is streng beperkings op die besit van godsdienstige materiaal en 'n verbod op private godsdiensonderrig. Dit maak dit riskant vir kinders om van Jesus te hoor. Dit is feitlik onmoontlik om nuwe kerke te registreer. Bid dat Bybels in plaaslike tale en digitale dissipelskapmateriaal die staatsbeperkings sal kan omseil, en dat radio-, satelliet-TV- en internetuitsendings mense met ontvanklike harte sal bereik.
Vervolging kom ook van mense na aan gelowiges. Soos in ander lande in Sentraal-Asië, kan mense wat die moedige stap neem om die Islam te verlaat en Jesus te volg, hewige teenstand van hul eie families en gemeenskappe ervaar, omdat hulle die familie se eer skade aandoen.



Taken from Worldometers.info

Bid asseblief:

- Bid vir onbeperkte vryheid om God se Woord te besit en te lees.
- Vra dat God kerkleiers, wat voortdurend deur die totalitêre regime dopgehou word, beskerm. Bid dat die land se leiers Jesus ontmoet en aanbid.
- Bid vir 'n geslag jongmense wat hulle tot Jesus wend, ten spyte van die ernstige gevolge wat dit vir hulle kan inhou.
- Bid vir genesing, hoop en beskerming vir bekeerlinge uit Islam, terwyl hulle woede, verwerping en diskriminasie van hul families en gemeenskappe ervaar. Bid vir gemeenskap met ander gelowiges.

"Ek beskerm jou in die skaduwee van my hand,"
Jes. 51:6

SAAWE
Ena 083 6600 885